

B. Gedichte¹⁾

I. AUS DER „PATRIOTTYD“

a) DI AFRIKAANSE FOLKSLIID

'n Ider nasi het syn Land,
Ons woon op Afrikaanse strand.
Fer ons is daar gen beter grond
Op al di wy'e wêreldrond.
Trots is ons om di naam te dra
Fan kinders fan Suid Afrika.

'n Ider nasi het syn Reg,
Al is hy nog so swak en sleg.
Daar is 'n Oog wat alles merk;
Hy set di onreg paal en perk.
Hy kyk oek ons ferdruckers na,
En waak oek fer Suid Afrika.

'n Ider nasi het syn Taal, [vaal
Ons praat fan Kaap tot in Trans-
Wat almal maklik kan ferstaan,
Wat gaan di ander tale ons aan?
Ons praat soos Pa en Oupapa,
Di Landstaal fan Suid Afrika.

'n Ider nasi het syn Tyd
om op te groei en af te slyt;
En soos ons liwe Heer dit doet,
So is dit altyd wys en goed.
Daar kom 'n dag fer ons oek, ja;
Fertrou op God, Suid Afrika.

'n Ider nasi het syn Wet,
Wat goed gebiid en kwaad belet;
En elk syn wet is na syn aard,
En gaan met syn natuur gepaard;
So folg ons oek di sede na,
Wat tuis hoort in Suid Afrika.

Want al di nasiis het één God.
Hy regel ider folk syn lot;
Hy het fer ider folk syn taal,
Syn land, syn reg, syn tyd bepaal.
Wi dit ferag sal Syn straf dra.
O God, beskerm Suid Afrika!

A. Pannevis, C. P. Hoogenhout, D. F. Du Toit, S. J. Du Toit

b) F. W. REITZ (1844—1933)

DI STEWELTJIIS FAN SANNI

Pas altyd fer 'n froumens op;
Dit help jou net gen stuk ni,
Steek jy jou nek eers in di strop,
Dan kan jy nooit los ruk ni.

Skaars was ek agtiin jare oud,
Toen fry ek al na Sanni,
Myn sakhorlosi was fan goud,
En 'k gé pad fer gen man ni.

So is dit ook met my gewees;
Ek was ni reg fan plan ni,
Toen was dit lank al klaar met
Ek was geknoop aan Sanni. [Kees;

Haar ouers het ons uitgelag,
Hul seg ons is mar fulletjiis,
En ek moet nog 'n biitji wag
Met sulke kinderspulletjiis.

¹⁾ In den Gedichten aus den Anfängen der 1. Sprachbewegung (Patriot-tyd) ist die ursprüngliche Rechtschreibung beibehalten worden.

Mar neef, ek moet jou tog ferhaal,
Hoe dit met my gebeur is;
Jou tyd di kom oek nog een maal,
Foor jy mooi reg daardeur is.

„Goei morre, Tante — morre,
En waar is Sanni dan?“ [Oom!“
Daar kom sy net soos in myn droom,
Met di selfde stewels an.

Ek droom mos dat sy foor my staat,
Met splinter-nuwe stewels,
Hul mag fan klyne foetjies praat,
Maar Sanni het twé knewels.

Wel ek sal jou mar kortaf sê,
Ek het haar toen gefra,
Of sy my fer 'n man wil hê,
Toen seg sy somar: „Ja!“

Ek trek my an di oggend froe,
„Saal op di skimmel daar!“
Toen ry ek reg-uit Sanni toe,
Om 't hoor hoe sy nog faar.

'n Mens di bly tog mar 'n mens,
Ek weet ni wat's die rede,
Mar soos hy kry net wat hy wens,
Dan word hy ontefrede.

Dit help nou wynig om te huil,
Al het ek spyt fan Sanni,
Kon ek di ou ding mar ferruil,
Dan sou ek — mar ek kan ni.

c) J. LION CACHET (1838—1912)

DI AFRIKAANSE TAAL

Ek is 'n arme boerenôi,
By fele min geag:
Mar tog is ek fan edel bloed,
En fan 'n hoog geslag.
Uit Holland het myn pa gekom,
Na sonnig Afrika;
Uit Frankryk, waar di druiftros
Myn liwe mooie ma. [swel,

Myn sussi, wat uit Holland kom,
Di hou ferniit haar groot;
Di lug is al te skerp fer haar;
Sy is al amper dood.
Di dokters kom nou bymakaar,
Hul maak te saam 'n „Bond“;
Mar tog met al di doktery,
Word sy nooit weer gesond.

Hul skel my uit fer Hotnots myd;
Mar ek gé daar ni om;
Want aan myn lippiis kan jy siin,
Fan wat geslag ek kom. [mond:
Soet floei di woordjies uit myn
Dit het ek fan myn ma;
Mar as ek bid dan hoor je wel,
Ek is 'n kind fan pa.

My niggi met haar stywe nek,
Di loop in rooi satyn,
En baing jonkmans loop haar na:
Sy denk hiir baas te syn.
Mar as di awentuurtji kom,
Dan is di klomp by my.
Dis „hartji“ foor en „hartji“ na:
„Laat ons 'n bitji fry“.

As ek mar eers myn fryer het,	Want ek het onder in myn kis
'n Digter fol fan moed;	'n Ware towerstaf,
Een wat my om myself bemin,	Wat ek nog fan myn ouma het,
En ni mar om myn goed;	En nimand weet daar af.
Wanneer di fryer tot my kom	Hef ek di staf op, „Moedertaal“
Fat ek hom by di hand,	Dan volg di land my na:
En maak ek hom, hoe swak ek skyn	En ek is net nou koningin
Nog koning in di land.	Fan heel Suid Afrika.

2. JAN F. E. CELLIERS (1865)

DIE VLAKTE

Ek slaap in die rus van die eeue gesus,
ongesien, ongehoord,
en dof en loom in my sonnedroom,
ongewek, ongestoord.
Tot die yl-bloue bande van die ver-verre rande
skuif my breedte uit,
wyd-kringend aan die puur al-omwelwend asuur,
wat my swygend omsluit.

Jong aarde se stoot het my boesem ontbloom
bo die diep van die meer;
en volswanger van lewe 't oor waat're geswewe
die gees van die Heer.
Uit die woelende nag van haar jeugdige krag
brag die aarde voort
Lewiatansgeslagte, geweldig van kragte —
storm-ontruk aan haar skoot.
Diep in my gesteente berg ek hul gebeente —
die geheim van hul lewe en lot;
Maar gewek uit die sode herleef uit die dode,
na die ewig hernuwingsgebod,
die stof van 'd verlede in vorme van d'hede,
in eindeloos kome en gaan;
wat die dood my vertrou 't, ek bewaar dit as goud,
en geen grein sal 'k verlore laat gaan.

As die son oor my vloer in die môre kom loer
en die dou van my lippe kus,
dan kyk ek net stom met 'n glimlag om
en lê maar weer stil in my rus.

Hoog bowe die kim op sy troon geklim,
is hy heer van lewe en dood;
na wil en luim gee hy, skraal of ruim,
verderf of lewensbrood.

Uit gloeiende sfeer brand hy wreed op my neer
tot my naaktheid kraak en skroei,
en my koorsige asem in bewende wasem
al hygend my bors ontvloei.
In sy skadetjie rondom sy stam op die grond
staat 'n eensame doringboom,
soos die stilte op haar troon, met dorings gekroon,
wat roerloos die eeue verdroom.
Geen drop vir die dors aan my stofdroë bors:
my kinders¹⁾ versmag en beswyk,
en die stowwe staan soos hul trek en gaan
om my skrale dis te ontwyk.

Soos 'n vlokkie skuim uit die sfere se ruim
kom 'n wolkie aangesweef,
maar hy groei in die blou tot 'n stapelbou
van marmer wat krul en leef —
kolossaal monument op sy swart fondament,
waar die bliksem in brul en beef.
En o, met my is die windjies bly:
hul spring uit die stof orent
en wals en draai in dwarrelswaai
oor my vloer, van ent tot ent;
die gras skud hul wakker om same te jakker,
tot hy opspring uit sy kooi
en soos mane en sterte van jaende perde
sy stingels golf en gooi.
Met dof-sware plof, soos koeëls in die stof,
kom die eerste druppels neer,
tot dit ruis alom so deur die gebrom
en gekraak van die donderweer.

Met kloue vooruit om te gryp en buit
jaag 'n haelwolk langs verby,
soos 'n perde-kommande wat dreun oor die lande
vertrap en gésel hy —
en sy lyke-kleed sien ek ver en breed
in die awendson gesprei.

¹⁾ Die wilde bokke, wat in klompe wegtrek by groot droogte.

Stil in die duister lê 'k so en luister
hoe die spruite geséls en lag;
maar bowe die pak van my wolkedak
het die maan al lank gewag:
nou breek en skeur hy 'n baan daardeur
om te deel in my vreug benede;
hy spreid die waas van sy romig-blou gaas
en ek lag so stil-tevrede.
Plek op plek, soos die wolke trek,
sweef die skaduwees onder mee,
soos eilande wyd oor die waat're verspreid
op die boesem van die grote see.
Met 'n afskeidskus gaat die maan ook ter rus,
en ek wag op die daeraad —
so skoon en só mooi soos 'n fris jong nooi
wat lag in haar bruidsgewaad.

Oor die bulte se rug slaat die gloed in die lug
van brande wat ver-weg kwyn,
en doringbome fluister in rooi skemerduister
van gevare wat kom of verdwyn.
Uit slote en pas, uit die geurende gras,
styg 'n danklied op ten hemel;
en dis net of ek hoor hoe die kriekies se koor
weergalm uit die sterre-gewemel,
waar wêrelde gaan op hul stille baan
tot die ende van ruimte en tyd.
So, groots en klaar, staat Gods tempel daar,
wyd — in sy majesteit.

Uit „Die Vlakte en ander Gedigte” (Verl. Nas. Pers, Kaapstad)

b) UIT „MARTJIE“

Dis warm
en stil.

Stil ook in die grote boerehuis onder die eike;
geslote ten halwe die luike
— die groene luike van die rame —
soos oë swaar van sluimering
by middag-sonnestowe;
mure en stoep hier en daar
bestrooi met liggende skyfies,
waar die sonlig val deur die blare,
deur die donkere loof van die eike.

Hoog bowe voordeur en stoep,
eerwaardig en stil in die skaad'wee
verrys die ou-Hollandse géwel,
gestreel deur die uitspreiend lower
en bowe die voordeur as rustend
op twee sware krulle in die muurwerk,
waar die jaartal, gedruk in die witkalk,
die ouderdom toon van die woning.

Dis stil.

So 'n stilte wat hang en wat draal,
of hy weet dat die middag nog lank is
en hy heerskappy sal behou
daar in die ou home se skaad'wee.

Onder die rusbank op stoep,
sy lede rekkend van luiheid,
lê Jafta die huishond te slaap,
geterg deur die gonsende vlieë.
Die tuinmuur langs, in die skaad'wee
daar skuil die hoenders byeen
in klompies, swygend en gapend.
Naby die klip oor die voortjie
lê Adam, die otjie, in die water
en dam dit op, teen sy sye,
— stilbrommend van innig genot
na rukkies van roerloos drome.

Stil is die lange huisgang
— die sware voordeur geslote —
dofglimmend die donkere planke
alleen waar dit lig deur die rete,
wegduist'rend na agter in skeem'ring,
in fluist'ring van vele geheime.
Die tafel in die kombuis
is blank geskuur vir die Sondag,
en daar staan, in eensaamheid singend,
die ketel op die gele komfoortjie.
Deur die half-geopende luikie
val skuins op die vloer, in die middel
'n goudgerf van léwende sonlig,
deurwemeld van drywende stoffies,
deurflits van die dartele vlieë
wat, gonsende ook op die ruite,
die dreune-deuntjie stem
van somer-námiddag-vrede.

Uit „Martjie” (Verl. J. H. de Bussy, Pretoria)

e) AFRIKANER-BOER AAN AFRIKANER-BRIT

Hier 's my hart en hier my hand,
neef Brit,
Die hand wil ek in joue lê,
maar daarby net 'n woordjie sê —
dis dit:

Baas nog kneg is jy of ek,
ou maat;
en, sal ons handgee soos 't behoort,
dan moet dit blyk uit elke woord
en daad,

Jou kop is hard ... en myne ook;
ja, ja:
jy weet die hardkopkwaal was daar
reeds in ou Tromp en Bestevaar¹⁾
se dae.

Nou kom, ons gaan nie aan met wat
nie kan:
soos ek aan jou, laat jy aan my
my harde kop, en elkeen bly
'n man!

En eer in my wat hoogste staat
by jou.
Want so alleen word, vas en trots,
ons suider-tuis op eendrags rots
gebou.

As harde kop by harde kop
sig paar
in naasteliefdes juk en werk,
dan is ons twee die wêr'ld te sterk
so waar!

Uit „Die Vlakte en ander Gedigte” (Verl. Nas. Pers, Kaapstad)

¹⁾ De Ruyter, die Hollandse admiraal. Hy het eenmal met sy vloot die Theems opgeseil en Londen bedreig.

3. J. D. DU TOIT (*Totius*) (1877)

a) DAAR RUIS 'N LIED

Daar ruis 'n lied van lank verlee,
en stemme singend kom van ver;
en immer ruis my siel weer mee
met stemmelied uit lank verlee,
uit die eeue her.

Daar ruis 'n lied van lank verlee
wanneer die wind so sag verrys;
en immer buigend na benee,
die bometop sing klaaglik mee
eenselfde wys.

Daar ruis 'n lied van lank verlee
in die oseaan se maatgesang;
en immer ruis die skulpies mee
met eeuelied van wêreldsee
diep opgevang.

Og kon ek sing van lank verlee
net soos die skulpies so getrou,
wat opgegaar, nog kleinlik gee
die weerklink van 'n wêreldsee —
by die oor gehou.

Og, kon ek sing van lank verlee
gelyk die dentak hoog in top,
wat daar sy naaldjies klein verbree
sodat die wind sy oue wee
kan klaag daarop!

o Kom na my uit lank verlee
sangstemme kom uit droomgebied,
deurruis my siel as awendbee
van westewind, soos verre see
se golwelied!

Uit „Rachel” (Verl. A. H. Koomans)

b) DIE OU PUT

Ginds op 'n knoppie, ver geleë
weg van die woel'ge werf en weë,
armoedig lê en skaars beskut
in middagslaap die oue put.

G'n voël laat sy lied daar klink nie,
g'n doringboom sy skadu sink nie,
op leiklip-brokkies, wat lê braai
in middaggloed se ligte laai.

Verwaarlosing se ongenade
spreek uit die stukke pale en drade,
waarbinne staan 'n slingerwiel:
die toegang tot 'n diepe siel,

Tot swyggeheim van waterwonder
wat rustig lê in dieptes onder,
maar straks sal leef met alles mee
as water opwaarts word gegee.

Intussen daal van hemelbinne
deur somber skemering, daarbinne
'n langgespanne silwerdraad
wat aflans op haar stil gelaat. —

'n Wyle en dis al verlede —
'n klippie duikel na benede
Waar kom die wekkertjie vandaan?
Het die awendkoelte dit gedaan?

'n Wyle en dis al ontroering
en al te wrede rus-ontvoering;
want opeslaan die deksel, wat
ontsluit haar koel en donker skat.

Sy sien naby en altyd nader
die skapies om haar heen vergader;
sy open mild haar waterfles
om al wat kom die dors te les.

Dit put maar en sy gee maar immer,
dit put maar en sy weier nimmer,
net soos 'n moeder, so opreg,
gee sy haar laaste druppel weg!

Straks gaan die skapies almal hene
en is die putters weer verdwene,
en niemand dink dan langer om
haar so vervalde heiligdom.

Haar lewe is soos die moederlewe:
by ondank immer bly te gewe,
maar 'k hoor, as hul het heengegaan,
dieponder tap — 'n watertraan.

e) DAAR IS G'N DOOD

Daar is g'n dood.
Wat lewe heet, is net die op en neer,
As ons klein skuitjie al maar daal en klim;
En wat ons sterwe noem is niks nie meer
As ons verdwyning op die gindse kim.

Daar is g'n dood.
Ons wat van lae strand dit sien, en speur
Hoedat hul vaart die afstand steeds vergroot —
Ons kan nie sien wat anderkant gebeur,
En daarom noem ons die verdwyning dood.

Daar is g'n dood.
Ons lae standpunt is te laag en ver,
En hul ontseil ons sfeer van ruimte en tyd.
Daarom word eindelijk ons blik versper,
Wanneer hul roerpen stuur in d'ewigheid.

Uit „Die Bannier”

4. C. LOUIS LEIPOLDT (1880)

a) AAN 'N SEEPKISSIE

Hulle het jou in England gemaak, seepkissie,
Om hier in ons land as 'n doodkis te dien;
Hulle het op jou letters geverwe, seepkissie,
En ek het jouselwe as doodkis gesien.

Klein Jannie van ouboetie Saarl, seepkissie,
Het hier in die kamp, met sy sussie gekom —
En jy was bestem, soos jy weet, seepkissie,
Daar oorkant in England as doodkis vir hom!

Klein Jannie van ouboetie Saarl, seepkissie,
Was fluks en gesond, vir sy jare nog groot,
Maar hier in die kamp, soos jy weet, seepkissie,
Was hy maar drie weke, en toen — was hy dood.

Onthou jy vir Jannie? Jy weet, seepkissie,
Hy het in sy speletjies met jou gespeel;
Die son het sy krulkop geskilder, seepkissie,
So blink as sy strale, as goud so geel.

Op die Vrydagmôre, onthou jy, seepkissie,
Het Jannie gesê: „Ag, klein Jannie die hoes!“
En die Vrydagaand, soos jy weet, seepkissie,
Was Jannie sy lewe al half verwoes.

Hulle het jou op Saterdagmiddag, seepkissie,
Gedra na sy tent as 'n doodkis daar!
Die wit gesiggie — jy weet, seepkissie,
Die handjies gevou en gekruis oor mekaar.

Hulle het jou in England gemaak, seepkissie,
Om hier vir ons kinders as doodkis te dien:
Hulle het vir jou lykies gevinde, seepkissie,
En ek het jouselwe as doodkis gesien.

Uit „Oom Gert Vertel en ander Gedigte“ (Verl. J. H. de Bussy, Pretoria)

b) JAPIE

Vanmôre was Japie nog hier:
Vanaand is hy dood!
Met 'n lag om sy mond het hy bruilof gevier
Met 'n klein brokkie Engelse lood.

Vanmôre was Japie by my;
Vanaand is hy — waar?
As 'n mens kan weet waar hy eindlik sal bly
Wie het dan vir die toekoms gevaar?¹⁾

Vanmôre was Japie my maat:
Vanaand is hy — wat?
Sal hy nog met my lag, sal hy nog met my praat,
Of my hand in die syne weer vat?

Vanmôre was Japie 'n kind
Vanaand is hy volleerd!
Ons het baie gestry om die waarheid, ou vrind:
Weet jy nou wie van ons had verkeerd?

Vanmôre was Japie — Nee God!
Hy is nog vir my,
Want die dood kan nie skei nie, al is dit ons lot
Om alleen op die wêreld te bly.

Uit „Oom Gert Vertel en ander Gedigte“ (Verl. J. H. de Bussy, Pretoria)

¹⁾ gevaar = vrees.

c) OP MY OU RAMKIETJIE

Slampamperliedjie No. XXVIII

Op my ou ramkietjie
Met nog net één snaar,
Speel ek in die maanskyn
Deurmekaar.

Ek sing van Adam
En Ewa se val,
Van die ou Paradys.
„Halfpad mal!“

So sê die mense
Wat my hoor speel
As die skemer my wang soen
Soos ferweel.

As die maan my aanhoor,
En die sterre knik,
Dan speel ek kordaat voor,
In my skik.

Wat gee ek om mense
Wat sê ek is mal,
As die varings my aanhoor
By die wal?

Wat om my vriende —
Wat nooit nie verstaan —
As die sterre my toeknik,
En die maan?

Op my ou ramkietjie
Met nog net een snaar,
Speel ek in die maanskyn
Deurmekaar.

Uit „Uit drie Wêrelddele“ (Verl. J. H. de Bussy, Pretoria)

c) OKTOBERMAAND

Dit is die maand Oktober,
die mooiste, mooiste maand,
Dan is die dag so helder,
so groen is elke aand;
So blou en sonder wolke
die hemel heerlik bo,
So blomtuin-vol van kleure
Die asvaal ou Karo.

Dit is die maand Oktober:
die varkblom is in bloei;
Oor al die seekoeigate
is kafferskuil gegroei;
Die koppies, kort gelede
nog as 'n klip so kaal,
Het nou vir welkomsgroetnis
hul mooiste voorgehaal.

Dit is die maand Oktober:
die akkerboom is groen;
Die bloekoms al die pad langs
is almal nuutgeboen;
En orals in die tuin rond
ruik jy sering en roos,
Jasmyn en katjiepiering,
lemoen en appelkoos.

Al was die dag soos yster,
lank in die vuur gesteek,
Die varings in die klofies
deur hitte geel verbleek,
Tog as die son daaronder
agter die berge gaan,
Dan word oor al die wêreld
die mooiste geur geslaan;

Dit is die maand Oktober:
ek dink die mense vier
vir ewig in die hemel
Oktobermaand soos hier!
Wat wens jy meer as blomme,
as helder dag en nag?
Wat kan jy beter, mooier,
of heerliker verwag?

Dit is die maand Oktober:
die kokkewiet is uit;
Boomsingertjies en kriekies
die hoor jy orals fluit;
Fiskaal is op die oorlog:
daarom by die sluis,
Daar is 'n dor ou doringboom;
sy spens en sy kombuis.

Ek is nog in Oktober:
my tuin is nog so groen,
So wit met al wat mooi is,
met bloeisels van lemoen;
so pragtig in die môre,
so heerlik in die aand!
Ek is nog in Oktober,
die mooiste, mooiste maand!

Wat gee ek om die winter?
Wat praat jy nou van Mei?
Wat skeel dit as ons later
weer donker dae kry?
Ek is nou in Oktober,
die mooiste, mooiste maand,
Met elke dag so helder,
so pragtig elke aand!

Violtjies in die voorhuis,
Violtjies blou en rooi!
Violtjies orals op die veld
En orals, ai, so mooi!

Uit „Oom Gert vertel en ander Gedigte” (Verl. J. H. de Bussy, Pretoria)

5. D. F. MALHERBE (1881)

a) O LANDE VOL GRAAN

Vlakte aan vlakte, oor heuwels heen,
lande vol groen, vol golwende graan!
Breed sprei die sonlig sy stralende seën
oor swellende saad mit beloftes belaan.

Aan miljoene, miljoene van buigende blaar
hang die windjie se asem in ruisend gesweef....
hoor die sug van verlange uit die swellende aar,
die stem van die Lente wat sê: *ek wil leef*;

Verlange wat groei met die stygende son,
verlange om te ryp tot goudeel prag,
so sterk soos die drang van 'n borrelende bron
om te beur uit die aarde na die lig van die dag.

Die stem van die wind oor die halmgekoes,
halms nog groen van jong geluk,
is die siddering van hoop op die somer se oes,
as die waens sal kraak van die gerwe se druk.

So ver as my oog oor die buigende blaar
kan wei, staan die grond met groenheid oorlaan,
en my siel wieg mee met jul spelend gebaar,
o belowende, lewende lande vol graan!

Uit „Klokgrassies” (Verl. Het Westen-Drukkery)

b) DIE LIED VAN DIE NAGWIND

Ek lê op my bed, so onrustig —
dis middernag lank al verby;
en ek hoor hoe die nagtlke koelte
deur eike en denne sig sprei.

Dit ruis nes die siltige waters,
wat daar skuif oor die sandige strand,
gehoor deur die wandelaar van verre,
wat seewaarts hom haas oor die land.

O nagwind, o nagwind, kom sê my,
wat spreek tog jou ruisende lied?
Vertel jy 'n tyding van liefde?
Bring jy vrede of wee en verdriet?

Dit is my of duisende stemme
van mense reeds lank weggekwyn,
vermeng met jou ruisende sugte
hul eggo van droefheid en pyn.

Die voorsang van duisende wesens,
nie-gebore, vertolk my jou sug,
die lied van hul komende weedom
die dra jy so sag deur die lug.

O nagwind, ek hoor maar deurgrond nie
jou klagende, suisende sang —
my harte klop sneller en sneller,
my kinderlik harte word bang!

Uit „Karoblommetjies” (Verl. van de Sandt Drukkers. My., Bpk.)

6. C. J. LANGENHOVEN (1873—1932)

a) DIE STEM VAN SUID-AFRIKA

Uit die blou van onse hemel, uit die diepte van ons see,
oor ons ewige gebergtes waar die kranse antwoord gee,
deur ons vér verlate vlaktes met die kreun van ossewa —
ruis die stem van ons geliefde, van ons land Suid-Afrika.



Südafrikanische Romantik — Kaaimansgat in Wildernis (Kapprovins)

Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra:
Ons sal lewe, ons sal sterwe — ons vir jou, Suid-Afrika.

In die merg van ons gebeente, in ons hart en siel en gees,
in ons roem op ons verlede, in ons hoop op wat sal wees,
in ons wil en werk en wandel, van ons wieg tot aan ons graf —
deel geen ander land ons liefde, trek geen ander trou ons af.

Vaderland! ons sal die adel van jou naam met ere dra:
Waar en trou, as Afrikaners — kinders van Suid-Afrika.

In die songloed van ons somer, in ons winternag se kou,
in die lente van ons liefde, in die lanfer van ons rou,
by die klink van huw'liksklokkies, by die kluitklap op die kis —
streel jou stem ons nooit verniet nie, weet jy waar jou kinders is.

Op jou roep seg ons nooit nee nie, seg ons altyd, altyd ja:
Om te lewe, om te sterwe — ja ons kom, Suid-Afrika.

Op U Almag vas vertrouend het ons vadere gebou:
Skenk ook ons die krag, o Here, om te handhaaf en te hou —
dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly:
knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry.

Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer:
Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer.

Uit „Die Pad van Suid-Afrika“

b) AG WAT, DIS MAAR 'N HOND!

Met modderpote, — Ha-ga-ga!
Trap hy die voordeur oop —
Trap hy twee rytjies blommetjies,
Sover as wat hy loop.

En lag-lag loop hy, — Ha-ga-ga!
Deur voorhuis en kombuis;
Geen plek is vir hom heilig nie —
Geen hoekie in die huis.

En wil hy lê, hy flop hom neer
Op blink gevryfde vloer —
Op sneeuwit matjie, duur tapyt,
Of waar sy sin hom voer.

Daar lê hy, lag hy, — Ha-ga-ga!
En skud sy stof daar uit,
En werk sy modder stadig los,
En vas op die tapyt.

En „*Buite Jakkals!*“ sê sy nooi,
En „Ha-ga-ga!“ sê hy,
En kyk haar lag-lag, vriendlik aan,
En stap bedaard opsy;

En dink, dit was 'n groot kordaat
Om in die huis te lê,
En spore vir sy nooi te trap,
En „Ha-ga-ga!“ te sê.

Maar „*Buite Jakkals!*“ Uit moet hy —
En voel so skaam en skroom,
Dat hy die arme kat bevlieg:
En dié bevlieg die boom.

Die „Ha-ga-ga“ word „Boe-woe-woef“;
Hy sukkel om te klim,
En krap die boom se bas, en brom:
„Die kat die was te slim“.

Hy speel met hoender, vark en kalf,
Toe hul die doodsangs kry:
En al hoe naarder hulle word,
Hoe vroliker word hy.

Tot ek my naderhand vererg,
En ernstig „*Jakkals!*“ skree;
Dan kom hy kruip-kruip, smekend aan,
Ootmoedig en gedwee.

Hy weet hy het die peits verdien,
En weet hy sal dit kry:
Maar vlug? O nee! „My baas die roep —
Ek kom, al straf hy my“.

En buk-buk, sleep-sleep, kom hy aan,
Met stemloos smeekgebed;
Maar is hy stom, — sy houding spreek
Hoe 'n diep berou hy het.

En is die laaste raps geval,
Dan is hy, ag! so bly:
Hy spring en dans van dankbaarheid —
Die pak die is verby.

Hy kom my smôrens handjie gee —
Die beste wat hy het:

„Twee growwe pote“, sê sy nooi:
„Kyk nou hoe lyk die bed!“

Dan stap hy na die nooi se kant,
En „Ha-ga-ga“ lag hy;
En kyk haar so vertroulik aan,
En eindlik glimlag sy.

So maak hy ons die lewe lig;
Hy 's altyd klaar vir speel —
Nooit nuk'rig of neerslagtig nie —
Sy plig is nooit te veel.

Maar is dit êk, wat treurig is,
Hy voel en deel my smart:
'n Natte neusie in my hand
Bring troos uit hondehart.

Geen smaad vervreem sy vriendskap nie,
Geen onreg deer sy trou —
Mishandling, honger, vloek en skop,
Laat hom sy diens nooit rou.

Hy neem die slegte wat hy kry,
En is daar dankbaar voor;
Hy gee die beste wat hy het,
En dink daar nooit weer oor.

O spraakloos, sielloos, reedloos dier!
Waar is 'n mens soos jy?
O ongeloonde lewensslaaf!
Waar is so'n vriend te kry?

Jou lus is in jou baas se lief —
In sy verdriet jou leed;
Sy nuk en gril — jou wet en wil,
Wyl jy jousef vergeet.

En is jou troue diens verby
Met laaste lewensstond,
Dan gooi jou baas jou uit sy pad —
Wat is 'n dooie hond?

Maar is dit hy wat eerste gaan,
Dan lê jy op sy graf,
En pas sy rusplaas op, en wag
Vergeefs 'n weersiens af.

7. *H. H. JOUBERT (1874)*

DAGERAAD

Die daagraad kruip die dieptes uit,
uit stille nag gebore,
en vleg 'n krans van pêrelglans
om slape van die môre.

Hy sweef op goue vleuels aan
en ry op wolke-some:
Daar 's glimlag op die bergery,
daar 's blydschap in die strome.

Hy skuif die wolle deken weg
van bergekruin en hange
en wek, so doend, 'n weelde-blos
op bolle rotse-wange.

Hy lig die woud-paleise op,
en vul hul lommersale
met vreugde-sange, wyd verbrei
deur klowe en oor dale.

Die velde bloos, 'n maagdeskoon
ontwaak uit lente-drome —
daar 's glimlag op die bergery,
daar 's blydschap in die strome.

Uit „Dageraad en Sonnekyn“

8. *F. VAN DEN HEEVER (1894)*

RITRYMPIE

Die koeëls die blits, dat die klippe so brand —
Hoera vir die reuk van 'n roer! —
Maar die tien en Jan Pieterse hou daardie nek,
Help bewaar ou Transvaal vir die Boer!

„'n Uur nog, net ene“ — 'n uur van die hel! —
As ons maar die nek kan hou,
Dan is ons kommando die drif veilig deur!
En hy bid sonder handegevou!

Wild en wyd, wild en wyd,
Gee die perde maar teuel en spoor;
Jy hoor net daaronder die hoewegedonder,
En hierbo fluit die koeëls langs jou oor.

Daar hinnik 'n liddiet, ryperd van die Dood,
Blits hemel en aarde deureen;
Die stof wyk — die mense's die drif veilig deur —
By Jan Pieterse leef nog net een.

„Ons trap!“ kommandeer hy. Wild en wyd
Gee hul perde teuels en spoor;
Hy hoor net daaronder die hoewegedonder
En 'n skreeu — hy 's alleng nog oor.

T'rug nou, t'rug deur die vlag van lood,
Sy maat kan hy daar nie laat bly!
Al om hom daar gons dit die lied van die dood,
Waar sy sikkal al snerpende sny.

Met die wonde man dwars oor sy saalboom geleg,
Gaan hy stadig en stappende heen,
Geen teken van haas, hy ry peinsende voort,
Op 'n stap deur die koeël-gereën.

„Laat staan, hy 's 'n held — „Three cheers' vir die Boer!“
Sê die Engelsman, hees in die keel.
Die bulke weerklink met vier harde hoera's
En die lug word met helmte geel!

Jan Pieterse draai hom sy vyande toe
En wuif hulle dank met sy hoed;
Al stappend verdwyn hy op die horison daar
In 'n raam van die westergloed.

So hoera, vir die klank van stiebeuel en spoor
En hoera, vir die reuk van 'n roer!
God behoede ons veld van die vreemde geweld
En bewaar ons ou land vir die Boer.

9. TH. WASSENAAR (1892)

DIEPTE

Wie na die oppervlakte
Van stil diep water kyk,
Gewaar alleen die blare
En slyk wat bo-op dryf;

Daar dryf die los wit wolkies
Soos skepe op die see,
Soos op 'n somerlandskap
Verspreide troppe vee.

Maar wie sy oog veel dieper
As na die oneind'ge rig,
Hy sien die donker aarde
Vol diepte en vol lig;

Hy sien die hoë hemel
So diep daaronder welf,
So rein en ongemete
Soos lig en diepte self.

Hy sien geen vuilswart water
Of modderbodem meer,
Maar in die hart van die aarde
Die hemel omgekeer.

So is in alle dinge
'n diepte te ontdek,
Waar suiwire siel van skoonheid
Sig aan die stof onttrek.

Uit „Gedigte” (Verl. Nas. Pers, Bloemfontein)

10. J. R. L. VAN BRUGGEN (*Kleinjan*) (1895)

DIE BEELD VAN OOM PAUL

En droewig rys die gryse beeld as in
'n Half-vergete droom weer by my op. —
Daar lê 'n waas van weemoed om die kop,
Want as 'n vader het hy ons bemin.

Vér na die noorde staar sy trekeroë,
En dis of hy nog vryheidstemme hoor
So hemel helder, — maar, o God, daar voor
Hom kus die maan sy graf vol mededoë! —

Sag speel die aand 'n melodie van dood
Met winde-elegietjies stil deurweef, —
Maar in die droewe beeld is iets wat leef,
En in die skemer word die oë groot!

Die doderyk vervaag, — 'n heerlik lig
Lê as 'n hemel om die grys gesig!

Uit „Lentestemme” (Verl. van Schaik, Pretoria)

11. A. D. KEET (1888)

a) GROOT-SUID-AFRIKA

Van waar Sambesi dreun,
Tot Tafelberg se top,
Gróót rys Suid-Afrika
Voor my verbeelding op:

Ek sien wel duisend stede
Verrys van uit die grond;
Ek sien ons volk tevrede,
Herenig en gesond.

Ek sien hoe groot reviere
Deur onse hand gelei,
Verkwikking bring vir diere
En mense moeg gestry.

Ek sien die Afrikaander
Regeerder van sy land;
Ek sien die buitestaander
Reik hom die broederhand.

Ek sien hoe koringvelde
Ons dor Karroo verryk:
En oral vir ons helde
Gedagtnis-tekens pryk.

Ek sien ons arendsvlugte,
Ek sien ons blouwe lug,
Ek hoor geen droewe sugte,
Ek sien ons vryheid trug.

Suid-Afrika is groot,
Suid-Afrika is ryk —
Dit sal nog uit sy hart
En uit sy hersens blyk!

Uit „Gedigte” (Verl. Swets & Zeitlinger, Amsterdam)

b) AMSTERDAM

Ou Amsterdam is tog so mooi
Met al sy liggies uitgetooi
In donker, donker nagte.
Dis liggies hier en liggies daar
In lange rye aanmekaar,
Wat flikker in die gragte.

En honderd duisend ogies loer
Op spieëlgladde watervloer
Daar bowe uit die hemel .
Dis liggies hier en liggies daar
En bootjies wat so saggies vaar,
Dat ligte golfies wemel.

Die liggies soek mekaar weer op
In water, wat teen walle klop
Op stormagtig' nagte.
So toweragtig, lief en skoon
Is liggies wat op walle woon
En flonker in die gragte.

Uit „Gedigte” (Verl. Swets & Zeitlinger, Amsterdam)

c) **TRIPPE-TRAPPE-TRONE**

Trippe-trappe-trone,	Trippe-trappe-trone,
Varkies hou van bone,	Boer sit sonder bone,
Varkies hou van melk en vlees,	Boer sit sy koerant en lees
Maar van boontjies nog die mees —	En die varkies vier maar fees
Trippe-trappe-trone.	In die suikerbone.

Trippe-trappe-trone,
Afrikaner-sonne,
Julle wat wil boere wees
Pas op, of dis klaar met Kees.
Trippe-trappe-trone.

Uit „Een reeks Kindergedichtjes”

12. *A. G. VISSER (1878—1929)*

a) **LAETITIA**

(’n Lied van my Beminde)

’n Lied van frisse maagde-skoon,
Blou oë waarin die hemel woon,
Van lokke wat met songoud gloei,
Van wange waarop rose bloei;
’n Mond waar soentjies lonk en lag,
Op lippe roos en warm en sag,
Van hande vlug en wit en fyn;
Bekoorlikheid in elke lyn.
Van skelme kykies op en neer
’n Glimlag van ons liewe Heer!
Lief talligheid van Gods gena,
Laetitia Dulcissima!

’n Blye lied van blyste dag,
Die son breek deur die wolke-rag;
Die orrel speel ’n jubeltoon;
Daar kom ’n koningin te skoon;
My bruid, my skat, in wit gewaad!
’n Sluier oor haar lief gelaat.
Ons kniel tesaam voor Gods altaar
En liefde en trou sweer ons mekaar;
Dan blomgestrooi, musiekgeluid!
Was ooit so’n dag, was ooit so’n bruid?
’k Staar in verbeelding haar nog na
Laetitia Bellissima!

Van kleine Moedertjie 'n.lied!
Die groot wonder was geskied;
Met oë stralend van geluk,
Haar eerst'ling aan haar hart gedruk.
So teer as Onse Liewe Vrou
Die Heiland spraakloos het aanskou,
Kon sy net kyk — niks anders doen
As telkens die klein handjies soen.
„Is jy ook bly?“ vra sy bewoë,
Mistérie, wonder in haar oë,
„My hart kan sy geluk nie dra!“
Laetitia Carissima!

'n Lied van marmer-wit gesig,
Van dierb're oë sonder lig;
Die liewe lippe bleek en kil;
Die warme hart vir ewig stil;
Die hande op haar bors gekruis,
Vir lange rus in laaste huis;
Madonna-lelies op haar skoôt,
O, kalme Skoonheid van die dood!
Die Heer het menig' ligpaleis
En daarheen sal haar siele rys
En daarheen volg my liefd haar na;
Laetitia Beatifica!

Uit „Gedigte“ (Verl. van Schaik, Pretoria)

b) DIE SWARTE OSSE

Die jare kom die bulle oor	Die jare kom, die jare gaan,
Soos sware, swarte osse;	Al dieper sny die groewe;
Dwarsoor my hart lê hulle spoor —	Gebroke is ek en gedaan
Die vaalstreep deur die bosse.	Deur hulle sware hoewe.

Uit „Rose van Herinnering“ (Verl. van Schaik, Pretoria)

c) VET

„Vet smet“ — Cats

As ou tant Siena straat-op loop
Om antipon of spek te koop,
Sê diè wat pad maak: Dank die Heer!
En sit hul sware stampers neer.

Verlede Sondag in die kerk
Merk ek nog weer die wonderwerk,
Die eienaardigste geval:
Sy wou gaan sit, toe sit sy al!

Kom stipte meester Van der Dool
'n Paar minute laat op skool,
Dan sê die kinders: Weet jy wat?
Tant Sien was seker in sy pad!

'n Wewenaar wou met haar trou;
Die landdros sê: Nee, bog met jou!
Dink jy miskien dis hier Turkei?
Ons wet verbied veelwywery!

Wil jy as Volksraadlid gaan staan,
Roep haar byeen en spreek haar aan —
Maar jy alleen met haar gaan-trou...!
Jy laat my lag — wat pla vir jou?

Een Psalm van Dawid maak haar boos:
Dit stempel „vet“ as „goddeloos“:
„Indien men op hun voorspoed let,
„Hun oogen puilen uit van vet!“

Suid-Afrika! So moes Van Wouw,
Presies soos sy, jou beeltis hou:
Swaar die Verlede agter, hoor,
Maar groter nog die Toekoms voor!

Haar einde was besonder sag,
Al was dit ook 'n sware slag.
Haar val was sonder blaam of smet.
Die oorsaak van die dood: Net Vet!

Uit „Rose van Herinnering“ (Verl. van Schaik, Pretoria)

13. C. M. VAN DEN HEEVER (1902)

a) DIE WINDPOMP IN DIE NAG

Klang! klang! werk die pomp in die nag,
klang! klang! en die water spoel;
die nag rus swart op die bome
en die lug is swoel.

Klang! klang! gaan dit rustig, vertroulik,
— sag — glansend, die donkerte uit;
hoog bo my die sterre se ligte,
hier naby die watergeluid.

Klang! klang! gaan dit rust'loos, en wyd
deurklink dit die eindeloosheid;
en ek luister roerloos en huiwer
vir jou nagstem, O Ewigheid!

Uit „Die Nuwe Brandwag”

b) DIE SAAIER

O saaiër, wat die sonlig groot
Met wakker stem en sweepegklap
En deur die frisse môre-grond
Met vreugde na die verte stap,

En oor die oopgeploegde land,
In blink-swart vore omgegooi,
Verheug, met taaie werkershand,
Die saad in goue wolke strooi,

Terwyl die voëls in swerms ruis
En wyk al voor jou vaste gang,
Wat na die ooste stuur en bly
Die dageraad se lokroep vang.

O saaiër, wek my uit die slaap
En roep my na die daglemier!
Dit is so somber en so traag
Die nag se laaste skadu's hier!

So diep, so vas die laaste slaap,
O saaiër van die lewensbrood,
Wek my, soos die vergane saad,
Tot nuwe lewe uit die dood!

Uit „Die Huisgenoot”

14. I. D. DU PLESSIS (1900)

EENSAAMHEID

Die winter gaan in eensaamheid verby.
Verlate lê die veld, en droewig sing
Die oostewind wat oor die bulte sny
En deur die skrefies van die kraalmuur dring.
Geruisloos is die skaduwees wat gly
Vanaf die koppies, en die bosse omring;
En aldeur is dit of die wind vir my
'n Bitter deuntjie van die lewe bring;
Want eensaam moet ons langs die grootpad gaan;
En afgesluit van almal om ons heen
Moet ons, al wil die liefde by ons staan
En offervaardig al sy hulp verleen,
Vanself aanstruikel deur die donker nag
Tot waar die groot verklaring vir ons wag.

Uit „Die Huisgenoot”